automechanika
SOUTH AFRICA

Persverklaring

Medianavrae:

Roger Houghton : Mediabestuurder
Tel: 011 476 7400
Faks: 086 505 8957
e-pos: houghtonr@mwebbiz.co.za
Web: www.automechanikasa.co.za

Automechanika - vooraanstaande handelskou
vir die motorbedryf
Johannesburg Expo Centre, 9 - 12 Maart 2011

DATUMS VIR VOLGENDE AUTOMECHANIKA-BEDRYFSKOU IN SA VASGESTEL

Die organiseerders van Automechanika Suid-Afrika, Dogan Trading, het die datums vir die tweede wêreld-erkende internasionale bedryfskou vir die voertuig-naverkopemark met die eienaars van dié handelsnaam, Messe Frankfurt, gefinaliseer. Die skou sal van 9 – 12 Maart 2011 by die MTN Expo-sentrum in Nasrec, Johannesburg, aangebied word. Johannesburg het vanjaar die 13e stad in twaalf lande geword wat 'n Automechanika-bedryfskou aanbied.

Die eerste plaaslike uitstalling is in Maart vanjaar aangebied en die voorneme was om die skou jaarliks aan te bied. Die wêreldwye ekonomiese insinking en die Wêreld-sokkerbeker-toernooi, wat die Expo-sentrum vir sy internasionale uitsaaisentrum sal gebruik, het daartoe gelei dat die tweede byeenkoms tot 2011 uitgestel moes word.

"Dit beteken dat die tweede weergawe van Automechanika SA munt sal slaan uit die terrein wat pas 'n opgradering van R30 miljoen ondergaan het, wat omvattend verbeterde geriewe tot die voordeel van uitstallers sowel as besoekers insluit," het Philip Otto, die skoudirekteur, gesê.

"Ons het weereens groot steun van vooraanstaande instellings in die bedryf vir die 2011-skou ontvang, wat die Nasionale vereniging van voertuigvervaardigers van Suid-Afrika (NAAMSA), die Kleinhandelmotorbedryf-organisasie (RMI), die Voertuigbedryf-uitvoerraad (AECI) en die Nasionale vereniging van voertuig-komponent- en verwante vervaardigers (NAACAM) insluit, terwyl ons nou ook die steun van Automechanika se wêreldvennote, die Motor- en toerustingvervaardigersvereniging (MEMA) en die Europese garagetoerusting-vereniging (EGEA) geniet.

"Ons het reeds die plaaslike webblad – www.automechanikasa.co.za – opgedateer, en dit sluit 'n aantreklike kalender in wat afgelaai kan word, met foto's wat by al 13 die Automechanika-bedryfskoue regoor die wêreld geneem is. Die kalender strek van Januarie 2010 – met drie Suid-Afrikaanse modelle wat by die MTN Expo-sentrum afgeneem is – tot Januarie 2011," het Otto bygevoeg.

Automechanika South Africa, 9 - 12 Maart 2011

Die eerste Automechanika SA het alle verwagtinge oortref. Meer as 400 maatskappye het binnenshuise en opelug-uitstallings oor ’n algehele skou-oppervlak van 25 000 m^2 aangebied, wat dit die grootste Automechanika-openingskou vir die voertuig-naverkopebedryf gemaak het sedert dié skou tien jaar gelede internasionaal uitgebrei het.

Die oorspronklike planne – wat lank voor verlede jaar se wêreldwye ekonomiese insinking gefinaliseer is – het op 250 uitstallers staatgemaak.
Hierdie teiken is ten spyte van die strawwe finansiële omgewing ver oortref deur die 400 maatskappye wat hul ware by die MTN Expo-sentrum, wat naby die nuwe Wêreldsokkerbeker-stadion geleë is, kom uitstal het. Dié uitstallers is ongeveer 50:50 tussen plaaslike en internasionale uitstallers verdeel en kom van Suid-Afrika, Asië, Europa, Suid-Amerika en die Arabiese wêreld.

Die Uitstalling- en byeenkoms-vereniging van Suid-Afrika (EXSA) is ook baie deur dié skou beïndruk en die byeenkoms is by EXSA se onlangse jaarlikse toekenningsgeselligheid met ’n Sertifikaat van uitmuntendheid vir skoue groter as 12 000 m^2 se vloerruimte beloon.

Die bestuur van die Automechanika-handelsnaam by Messe Frankfurt het intussen aangekondig dat hulle ten spyte van die ekonomiese insinking vol vertroue is dat hierdie skoue in 2009 positiewe gekonsolideerde resultate sal lewer. Hierdie optimistiese siening volg op rekord-resultate in 2008 toe verkope ’n nuwe rekordbedrag van €440 miljoen gehaal het, waarvan inkomste van buitelandse skoue die €100 miljoen-kerf (€104 miljoen) die eerste keer verbygesteek het, wat dit die negende agtereenvolgende jaar van verhoogde verkope gemaak het.

Die eerste van hierdie uiters bekende bedryfskoue wat in Suid-Afrika aangebied is, was volgens die eienaars van die handelsnaam uiters suksesvol.

Detlef Braun, ’n lid van die bestuursraad van Messe Frankfurt, die eienaars van die Automechanika-handelsnaam, het gesê hulle het met Automechanika Suid-Afrika nog ’n indrukwekkende byeenkoms by hul familie van vooraanstaande bedryfskoue gevoeg. “Dit is een van die handelsnaam se grootste internasionale premiérs en ons was verheug dat dit deur so ’n groot aantal vooraanstaande internasionale maatskappye soos ABB, ZF, Liqui Moly, Bosch, Diesel Technic, Tenneco en Castrol ondersteun is. Dit beklemtoon die hoë gehalte van die skou.”

Automechanika South Africa, 9 - 12 Maart 2011

Baie van die buitelandse maatskappye het die skou benut om toegang tot die Suid-Afrikaanse mark te bewerkstellig. Dit was vir die meeste van hulle hul eerste besoek aan Suid-Afrika. Ander het die skou gebruik met die doel om hul werksverhouding met bestaande klante in Suid-Afrika te ontwikkel, terwyl hulle ook na nuwe geleenthede en bykomende markte op soek was.

“Ons is baie tevrede met die steun wat ons van so baie uitstallers gekry het, omdat hulle in werklikheid baanbrekers in ’n nuwe onderneming in Suid-Afrika was, wat die mag van ’n wêreld-handelsnaam soos Automechanika, wat tot 1971 strek, beklemtoon,” het die plaaslike skoudirekteur gesê.

“Baie van die uitstallings was van uitstaande gehalte en die algehele atmosfeer het van professionalisme gespreek. Die oorsese besoekers was baie beïndruk omdat dit vir die meeste van hulle hul eerste besoek aan die vasteland van Afrika was en hulle nie geweet het wat om te verwag nie,” het Otto bygevoeg.

Die deelnemende maatskappye en instellings het ’n wye verskeidenheid produkte vir die werkswinkel- en vervangingsonderdele-segmente uitgestal en gedemonstreer, wat voertuig-bybehore en motorwas-produkte en -toerusting ingesluit het. ’n Aantal diensverskaffers en verwante bedrywe was ook verteenwoordig, waaronder verskeie uit die vragmotor- en vervoer-bedryf.

Sowat 8 200 bedryfsbesoekers, van wie baie voertuigvervaardigers, handelaars, werkswinkel-operateurs, versendingsagente en beleggers was, het die 2009-skou oor vier dae besoek. Hulle was hoofsaaklik van Afrika-lande lande suid van die Sahara, hoewel ’n aantal oorsese besoekers ook die skou bygewoon het.

Nog inligting is beskikbaar by:
Roger Houghton 011 476 7400 houghtonr@mwebbiz.co.za

Persverklaarings en fotos is elektronies beskikbaar by:
www.quickpic.co.za en www.automechanikasa.co.za